## 1982 - 2022: 40 Jaar - 'n Terugblik

Die jaar 1982 sal in die geskiedenis onthou word vir heelwat interessante mylpale (goed en sleg). Op politieke gebied was daar een van die kortste oorloë in die geskiedenis nl. die Falklandse oorlog tussen Argentinië en Brittanje. Die koningshuis van Brittanje verwelkom ook die geboorte van Prins William. Op ekonomiese gebied het ‘n 2 liter melk in Suid-Afrika R1,72 gekos en ‘n liter petrol 49c! Dit was ook die bekendstelling van die epiese film “E.T” met Drew Barrymore in die hoofrol. Op tegnologiese gebied word die eerste skootrekenaar (die Epson HX-20) bekendgestel en op sportgebied word die 12de FIFA Sokker Wêreldbekertoernooi deur Italië gewen in Spanje.

Tussen al hierdie mylpale is daar egter ook een wat uittroon – NG Weltevreden word amptelik gestig met ons eerste eredienste in Laerskool Boskop en Ds PJ Eloff as eerste leraar. Die afgelope maand het ons die 40 jarige bestaan van die gemeente op kleurvolle wyse gevier d.m.v. ons eredienste, KiX - & JonkX kuiers, ‘n heerlike skemerkelkie onthaal op die koffiewinkel se dak, ‘n boomplant seremonie, ‘n bring en braai en ‘n Langtafelfees gemeente ete. So is ou vriendskappe versterk sowel as nuwe vriendskappe gevorm.

Die gemeente het diep spore die afgelope 40 jaar gelaat in ons gemeenskap. Duisende lidmate het saam aanbid, duisende preke is gepreek, baie paartjies is getroud, babas is gedoop en jongmense het belydenis van geloof afgelê. Ons het gedeel in mekaar se lief en leed, se vreugdes en hartseer. Ons het ‘n kerkgebou, kategese lokale en ‘n Kapel gebou, ons het uitreike na België en Mosambiek meegemaak en uitgereik in ons omgewing. Ons gemeente se eie nie-winsgewende organisasie (Novo Futurum) is gestig om d.m.v. projekte, nuwe stories van hoop in weerloses se lewens te kan skryf. Ons het ook verskillende visies oor die jare geformuleer en die sendingweek tema “Ons is geseën om te seën” het ‘n rigtinggewende slagspreuk vir die gemeente geword. Tonne nie-bederfbare kos, warm komberse en klere is aan behoeftige persone uitgedeel. Individue en gesinne is d.m.v. berading gelei deur lewenskrisisse / trauma en kursusse is aangebied om lidmate se geloof te vorm en versterk.

Wanneer ons so terugkyk oor die 40 genade-jare is dit met groot dankbaarheid teenoor die Here en elke lidmaat wat ons geseën het met tyd, gawes, talente en toeweiding om ons roeping as gestuurdes in die breër Johannesburg te kan uitleef. Ons is trots op die feit dat ons ‘n tuiste vir oud en jonk is, dat gasvryheid, deernis, ‘n diep waardering vir diversiteit en ‘n liefde vir die Woord van die kernwaardes is wat ons gemeente rig.

Mag ons gedurende die volgende 40 jaar steeds aanhou onderskei wat die Heilige Gees van ons vra. Mag ons waagmoedig wees om aan te hou aanpas in ‘n veranderende samelewing, om bestaande grense uit te daag en mag ons met die Woord as gids ‘n boodskap van hoop uitdra vir elkeen wat moeg en soekend is.

Neil du Plessis